SIZA
SUSTAINABLE AGRICULTURE IN SOUTH AFRICA

# nuus


MAART 2015


Lidmaatskap.................. ......... 1
Ledetal per produk................ 2
Kleinhandelaars erkenning.... 2
Data Platvorm........................ 2
Sedex / FSA lidmaatskap ....... 3
SIZA Oudit regstelling........... 3
SIZA/WIETA erkenning.......... 3
Kapasiteitsbou program........ 3
SIZA VISA program................ 4
Kleinskaalse Produsente ..... 5
Omgewingsraamwerk............ 5



## Lidmaatskap

Die SIZA-program het die afgelope jaar goeie vordering getoon. ‘n Belangrike mylpaal met 1000 geregistreerde lede is teen November 2014 bereik, en nou – teen die einde van Maart 2015, is daar reeds 1,287 SIZA-lede. Hoewel die meeste lede produsente is, sluit al meer uitvoerders, invoerders en kleinhandelaars by die program aan. ‘n Verhoogde ledetal word op alle vlakke verwag vanaf Junie vanjaar, wanneer die data platform in volle werking sal wees. Die data platform sal ‘n hele aantal voordele verskaf wat sal help om risikobeheer meer doeltreffend te maak

### SIZA-ledetal per provinsie



## SIZA-ledetal per produk




## Kleinhandelaars se erkenning van SIZA help om duplisering van oudits te vermy

Die SIZA-Standaard is in ooreenstemming met Suid-Afrikaanse wetgewing en voldoen aan internasionale standaarde. Dit word deur alle kleinhandelaars in die Verenigde Koninkryk (VK), insluitend Tesco, Marks & Spencer, Waitrose, COOP, Sainsbury's en Morrissons erken, sowel as deur 'n groot hoeveelheid kleinhandelaars in Europa. SIZA is in gesprek met Business Social Compliance Initiative (BSCI) – die internasionale program vir maatskaplike voldoening wat hoofsaaklik deur kleinhandelaars in Europa ondersteun word, om hul wedersydse erkenningsooreenkoms uit te brei. SIZA nader ook verskeie kleinhandelaars in die VSA en Kanada om erkenning te verwerf.

Die voordeel vir Suid-Afrikaanse produsente is dat hulle net aan EEN etiese arbeidstandaard hoef te voldoen, in plaas van 'n klomp standaarde gebonde aan verskillende kleinhandelaars. Met ander woorde, daar is EEN standaard en EEN oudit, ongeag aan watter kleinhandelaar die produsent verskaf. Plaaslik werk SIZA met Suid-Afrikaanse kleinhandelaars, insluitend Woolworths, Pick 'n Pay, Spar en Shoprite-Checkers.

## SIZA data platvorm

SIZA het 'n plaaslike diensverskaffer gekontrakteer om sy data platform te ontwikkel. Die data platvorm sal verbeterde elektroniese registrasies, hernuwing van registrasies, selfbeoordelingsfunksies, en die vaslegging van ouditverslae en 'CAP'-verslae bied. Fase 1 sluit registrasie en vraelyste (self-assessment questionnaires' of SAQ) in, en sal in die eerste week van April 'lewend' vir nuwe registrasies wees. Fase 2 sal middel Junie in werking tree en sluit verslae in oor oudits en regstellende aksie. Die data platvorm sal ook 'n verskeidenheid verslae en bedryfsprofiele beskikbaar stel.

# FSA AB-lidmaatskap op Sedex

Vrugte Suid-Afrika (FSA) sal in 2015 volhou met AB-lidmaatskap op Sedex en klante sal deur die FSA AB-rekening volledige toegang tot SIZA-lede se vraelyste (‘self-assessment questionnaires’ of SAQ), ouditverslae en ‘CAP’/finale ouditverslae behou. SIZA-administrasie sal voortgaan om deur Sedex na die behoeftes van klante en hul verskaffers om te sien. As ‘n perseel wil registreer as een wat mense in diens het onder die FSA AB-rekening, om sodoende sigbaarheid aan kopers te verleen, skakel asseblief met info@siza.co.za vir meer inligting.

# SIZA oudit regstelling

Om die integriteit van die SIZA-ouditprogram te behou, is dit nodig dat SIZA lukrake skadu-oudits uitvoer op SIZA-lede en op ouditeurs wat oudits doen. Die doel hiermee is om die ouditstelsel te verbeter deur te verseker dat ouditeurs ouditprosesse konsekwent toepas en vereistes reg vertolk. SIZA moedig konsekwente implementering aan, in samewerking met ouditinstansies. Skadu-oudits is ‘n noodsaaklike deel van die program wat gemik is op die verbetering van dienslewering.

# SIZA / WIETA wedersydse erkenning

SIZA en WIETA is in gesprek om wedersydse erkenning vir die twee programme te verkry. Dokumente rakende standaarde en die ouditproses is met mekaar vergelyk en ‘n praktiese oudit-evaluasie word tans uitgevoer.

Volgens die huidige ooreenkoms tussen SIZA en WIETA, kan produsente wat SIZA-oudits verlang steeds deur WIETA erken word en WIETA-sertifikasie ontvang. Voor sertifikasie sal WIETA egter eers steekproewe doen om te verseker dat alle regstellende stappe afgehandel is. Die koste kan deur Vinpro-lede van Vinpro verhaal word. WIETA is tans in die finale fase van beoordeling deur die GSCP,  wat sal help om wedersydse erkenning tussen SIZA en WIETA te bewerkstellig.

# SIZA kapasiteitsbouprogram

Die SIZA kapasiteitsbouprogram is daarop gerig om deur landwye werkswinkels, mense op te lei as etiese handelsfasiliteerders (ETFs). In 2015, het 2,699 mense regoor Suid-Afrika ETF-opleiding ontvang.

Vanjaar het werkswinkels in Februarie ‘n aanvang geneem, waartydens 35 Intermediêre ETF-werkswinkels met 592 deelnemers en 108 Basiese ETF-werkswinkels met 2,107 deelnemers aangebied is in die Wes-Kaap, Oos-Kaap, Limpopo, KwaZulu-Natal, Mpumalanga, die Vrystaat en die Noord-Kaap. Positiewe terugvoering is ontvang na afloop van die werkswinkels, wat gesamentlik deur die Wes-Kaapse Departement van Landbou (WK DvL) en die Nederlandse ‘Sustainable Trade Initiative’ (IDH) befonds is.



***ETF-opleidingsgroep en groepsbespreking***

# SIZA VISA-program

Die SIZA VISA-program is 'n nasionale onderneming wat in Februarie 2015 met bewusmakingsessies 'n aanvang geneem het. SIZA VISA is hoofsaaklik 'n hulpmiddel vir SIZA-lede, en bied 'n induksie-opleidingsprogram wat bestaan uit 'n DVD (beskikbaar in Afrikaans, Engels, isiXhosa en Sesotho); drie plakkate en 'n volledige Handleiding.

Die DVD kan gebruik word deur mense wat die SIZA VISA-werkswinkels bygewoon het en stel produsente en pakhuise in staat om hul eie opleiding te verskaf. Die DVD bevat 'n basiese inleiding tot die SIZA-program en vier onafhanklike modules – Etiese Handel en die SIZA-program; Gesondheid en Veiligheid; Higiëne; en Beleide en prosedures, toepaslik in die werkplek. Alle werkers wat opgelei is, ontvang 'n SIZA VISA-kaart wat as 'n rekord en bewys van opleiding dien.

Deur die sowat 264 mense wat tot dusver aan werkswinkels deelgeneem het, is meer as 53 000 werkers bereik. Werkswinkels gaan oor die komende vier maande in die volgende provinsies plaasvind: die Wes-Kaap (Ladismith, Robertson, Paarl, Grabouw, Villiersdorp, Ceres, Stellenbosch en De Doorns); die Oos-Kaap (Kirkwood, Hermitage, Patensie en Langkloof); die Noord-Kaap (Augrabies en Kakamas); KwaZulu-Natal en die Vrystaat (Eshowe, Richmond en Bethlehem); sowel as Limpopo en Mpumalanga (Nelspruit, Hazyview en Burgersfort). Skakel asseblief admin@rss-africa.com vir meer inligting.

# SIZA-model vir Kleinskaalse Produsente

SIZA ontwikkel tans 'n model vir ontwikkelende en kleinskaalse produsente wat hulle sal help om aan etiese vereistes te voldoen en sodoende om groter marktoegang te verkry. Dié model word ontwikkel in samewerking met FSA-lidorganisasies en Solidaridad – 'n internasionale nie-regeringsorganisasie. Die model sal in 2015 in drie provinsies bekendgestel word: Limpopo, die Oos-Kaap en die Wes-Kaap. Skakel chennell@iafrica.com vir meer inligting.

# Omgewingsraamwerk

Vrugte Suid-Afrika (FSA) werk saam met WWF SA om 'n plaaslik toepaslike en internasionaal erkende omgewingsraamwerk vir die Suid-Afrikaanse vrugtebedryf te finaliseer – ter steun van omgewingsvolhoubare vrugteboerdery. Die raamwerk sal deur die GSCP beoordeel word, net soos die geval was met die maatskaplike SIZA-Standaard. Dit behoort teen die middel van 2015 gereed te wees vir implementering. Die omgewingsraamwerk sal aanvullend wees tot die maatskaplike gedeelte van volhoubare besigheidspraktyke onder die SIZA-program. Uiteindelik sal die maatskaplike SIZA-Standaard en die omgewingsraamwerk saam die hoeksteen van die SIZA-program wees.

Skakel asseblief met David Farrell vir meer inligting: david@bluenorth.co.za (David Farrell verteenwoordig die program vir Shelly Fuller wat tans met kraamverlof is.)